

Sing vooraf staande: Psalm 2:3 (p. 6)

- 3 “Durf jy dit waag om met my krag te twis? / Sal niet’ge stof My my gesag ontwing?
Of weerstand bied aan wie almagtig is? / Ontsien my toorn, verdwaasde sterweling!
Vergeefs wil jul my ryksbestel weerstreef. / Ek het my Vors gesalf – wee, wie Hom hoon! –
op Sionsberg van heiligheid omgeef, / waar Hy sal heers en ewig sit ten troon.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 3 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos ’n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng’le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U’s groteliks gedug en eind’loos in vermoë, / u onverbreekb’re trou omring U voor hul oë.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 72:2, 6 (p. 360)

- 2 O saalge ryk waar enkel vrede / oor berge en heuwels sweef;
die Vors na Gods geregtighede / sal heers oor wat daar leef;
waar Hy in strenge strafgedinge, / sy swaard die skede ontruk,
die arme ophef en geringe, / maar neerslaan wie verdruk.
- 6 Ek sien al vorste, ryk en magtig, / wat buigend voor Hom staan,
en al die nasies wat eendragtig / Hom dien as onderdaan.
Want Hy sal die verstoteling, / die wat geen helper het –
die stilverloorne en geringe – / sal Hy verhoor en red.

Skriflesing: Lukas 12

Teks: Lukas 12:31,32; Kategismus Sondag 48

**Maar soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.
Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het ’n welbehag daar in gehad
om aan julle die koninkryk te gee. (Lukas 12:31, 32 AFR1953)**

Die Here Jesus gee ’n baie duidelike opdrag: **Soek die koninkryk van God!**

Daar is nie vir die ware gelowige ’n keuse nie. Hy moet dit soek – en God wil ook sy koninkryk en alles wat daarmee saamhang, gee en laat kom!

Dis moeilik, want wie weet presies wat die koninkryk van God is?

- Die koninkryk van God is uiteindelik die nuwe hemel en die nuwe aarde met alles en almal daarop en daarin.

- Dis die blyplek van God en dis ook die regeerplek van God.
- Maar dit sluit ook die onderdane (mense en engele) in wat die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan bewoon. Ons is dus deel van die koninkryk van God omdat ons die bewoners van die nuwe aarde sal wees.

Dis die woon- en regeerplek van die Almagtige God, maar Hy roep ons – sondaars! – op om dit te soek.

- God het die koninkryk van die begin af beloof.
- Deur die eeue het Hy al baie dinge daarvoor en daarvan geopenbaar.
- Hy is tans besig om dit finaal voor te berei.

Die Here Jesus roep ons nie net op om die koninkryk van God te soek nie.

- Hy sê ook hoe ons dit moet doen – deur te bid.
- Ons moet baie spesifiek bid: **Laat u koninkryk kom!**

Hierie gebed sny drie dinge aan:

- 1. Eerste bid ons die gebed in geloof.**
- 2. Verder is die gebed ook baie spesifiek gerig teen die duiwel.**
- 3. In die derde plek is die gebed gerig op die eer van God.**

1. Eerste bid ons die gebed in geloof.

As jy oor die koninkryk wil bid, moet jy die onvoorwaardelike geloof van 'n kind hê.

- Dis net in die geloof wat ons die koninkryk van God kan sien en wat ons dit kan ken.
- Dis ook net in die geloof wat ons sal begeer om in die koninkryk van God te wees en al die weldade daarvan te geniet.
- Dis ook net in die geloof wat ons voor die Koning van die koninkryk wil en sal buig en Hom aanbid.

Iemand wat nie glo nie, kan geen besef van die koninkryk van God hê nie.

- Geloof en wedergeboorte hang saam met mekaar.
- Net 'n wedergeborene kan die openbaring van die Here verstaan.
- Ook net 'n wedergeborene kan homself as deel van die koninkryk van God sien.

Dis net geloof wat ons kan laat verstaan dat ons as gelowiges slegs deur die genade en versoening van die Middelaar in die koninkryk van God sal ingaan.

Net na die sondeval het die Here aan Eva die belofte van verlossing gegee. Uit haar saad sou iemand gebore word wat die slang se kop sou vermorsel. Om net daardie dag se gebeure te aanvaar eis 'n geweldige geloof:

- Jy moet kan glo dat daardie twee mense in sonde geval het.
- Jy moet kan glo dat in hulle twee die hele mensdom oor die afgrond gestort het agter die satan aan.
- En jy moet kan glo aan die belofte wat die Here toe gemaak het van die verlossing uit die vrou se saad.

Dan die grootste en belangrikste eis vir jou geloof:

- Jy moet kan glo dat daardie belofte gestalte gekry het in die Here Jesus.
- Jy moet ook glo dat Hy die koninkryk van God oprig waarin die wat Hy red, vir ewig sal lewe.

2. Verder is die gebed ook baie spesifiek gerig teen die duiwel.

God se koninkryk moet onderdane hê. Daar is geen koninkryk wat nie onderdane het nie.

- Die kerk is die onderdane wat in die volmaakte koninkryk van God sal wees – want die kerk is die uitverkorenes/verlostes.
- Maar hierdie groep onderdane word voortdurend versteur deur die duiwel en sy trawante.
- Hulle infiltreer die kerk enersyds en probeer dit andersyds vernietig ook.

Daarom beteken die woorde dat die Here sy koninkryk moet laat kom, ook dat die Here hierdie koninkryk moet beskerm teen die duiwel en sy trawante.

- Ons weet dat die Here self hierdie onderneming gegee het dat Hy sy kerk Persoonlik sal bewaar. Dink aan sy woorde vir Petrus:

En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. (Matteus 16:18 AFR1953)

Die Here belowe met hierdie woorde dus twee dinge:

- Die een is dat Hyself sy kerk sal bewaar/beskerm.
- Die tweede ding is dat Hy die kerk sal vermeerder – **sal Ek my gemeente bou.**

Dis waar.

- Die hele mensdom moet eers almal op die aarde lewe totdat die laaste uitverkorene gebore is.
- Die getal van die verlostes moet eers vol word. Die kerk word dus inderdaad meer – totdat die vasgestelde getal vol is.
- Maar die kerk van die Here moet ook uitgebrei word oor die hele aarde totdat die evangelie aan alle volke verkondig is.

Die Here bring dus sy kerk en sy koninkryk tot volle wasdom ten spyte van al die aanvalle van die duiwel en sy magte.

3. In die derde plek is die gebed gerig op die eer van God.

Al hierdie dinge gaan dus inderdaad oor die eer van die Here.

- Wanneer sy koninkryk kom, word die satan en sy onderdane uitgewerp in die hel.
- Dan rig God sy volmaakte koninkryk op waarin daar nooit weer enige kwaad aangevang word nie.

In daardie koninkryk is God alles in almal.

En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.

(1 Korintiërs 15:28 AFR1953)

So sal ons dan altyd by die Here wees.

In daardie koninkryk word God die Almagtige ewig aanbid en verheerlik.

- God het iets van sy volmaaktheid en heerlikheid – en dan veral soos dit in die hiernamaals sal wees – geopenbaar
- Ons lees in die Ou en in die Nuwe Testament daarvan:

En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol! (Jesaja 6:3 AFR1953)

En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

(Openbaring 4:8 AFR1953)

Kom ons lees saam wat ons belydenis hieroor leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 48:

Vraag 123. Wat is die tweede bede?

Antw. Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp (a); bewaar en vermeerder u kerk (b); vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles sal wees in almal (e).

Amen

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:1, 2 (28:1, 2) Tweede melodie Psalm 50

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees, / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 9 Januarie 2011

Tekste by Kategismus Sondag 48:

(a)
Ps 143:10 Leer my om u welbehag te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land.

Ps 119:5 Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou!

Matt 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

(b)
Ps 51:20 Doen goed aan Sion na u welbehag; bou die mure van Jerusalem op.

Ps 122:6 Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe!

(c)
I Joh 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

Rom 16:20 En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle! Amen.

(d)
Openb 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!

Rom 8:22, 23 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.

(e)
I Kor 15:28 En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.